

ALGEMENE KURATORIUM BYLAAG 1

BESINNING OOR DIE AMPTE

Hierdie verslag is opgestel in opdrag van die Algemene Kuratorium vir die Algemene Sinode van Oktober 2019. Coenie Burger het die navorsing vir die verslag gedoen en saam met Frederick Marais (WK), Bertus Cilliers (VS) en Jame Kirckpatric (NS) die inhoud van die verslag gefinaliseer.

1. OPDRAG ALGEMENE SINODE

Hierdie studiestuk is gedoen in opdrag van die Algemene Sinode. By die vergadering van 2015 is die volgende besluit geneem: (A.16. 8.2 p346)

“Die AS gee opdrag aan die Algemene Kuratorium om ‘n studie oor die ampte en die bediening te maak en die Sinode met aanbevelings daaroor te dien. In die studie moet erns gemaak word met die Bybelse getuienis oor die amp; daar moet gekyk word na die beklemtonings van die Reformasie en gevra word hoe ‘n gereformeerde amp- en bedieningsteologie vir ons tyd en konteks daar moet uitsien. In die studie moet aangesluit word by die ekumeniese gesprek oor die amp.”

Om reg te laat geskied aan die opdrag het die kommissie besluit om pertinente aandag aan die volgende sake te gee:

- Daar sal eerstens gekyk word na die agtergrond van die versoek, m.a.w. waarom dit nodig geword het om nou weer indringend na ons amps- en bedieningsteologie te kyk.
- In die tweede deel van die verslag gaan ons die huidige stand van die gesprek oor die ampte probeer opsom in ‘n aantal korter stellings. Ons het ons sterk laat lei deur die bronne wat in die besluit aanbeveel is nl. die Skrif, die Gereformeerde tradisie en die gesprekke (en ooreenkomste) in die Ekumeniese kerk. Benewens die drie bronne wat direk genoem is, was die NGK se besluit oor Missionale kerkwees ook deurentyd ‘n belangrike raamwerkfaktor in ons besinning.
- In die derde deel van die studiestuk sal ons aandag gee aan implikasies, konklusies en aanbevelings.
- Die verslag moet ook gelees word teen die agtergrond van die Raamwerk vir Missionale Ekklesiologie (AS 2013) en die AK en die ASM “Raamwerk vir Missionale Bedieningsontwikkeling in die NG Kerk”.

Oor die formaat en styl van die studiestuk moet ons twee opmerkings maak.

- Ter wille van bondigheid het ons die verslag so kort as moontlik gehou en verkies om dit in die styl van stellings aan te bied. Ons hoop dat meeste van die stellings redelik evident is. Ons dink dat dit die leesbaarheid en bruikbaarheid van die verslag kan verhoog.
- Ons het ook in die studie dankbaar gebruik gemaak van vorige studiestukke en besluite van die Algemene Sinode o.a. ‘n uitstekende verslag van Prof Andri du Toit wat in 1994 goedgekeur is (maar ongelukkig nie oral geïmplementeer is nie). Ons sal ook verwys na die vorige verslag en werk van die huidige kommissie.

2. HOEKOM DIE STUDIE OOR DIE AMPTE NOU NODIG IS

2.1 Herbesinning oor ‘n saak soos die ampte word in Gereformeerde kerke gewoonlik nie aangevra om akademies-teologiese redes nie, maar as gevolg van nuwe praktiese uitdagings wat hanteer moet word.

Dit is ook die geval met die huidige verslag. In ons vorige verslag het ons verwys na ‘n hele paar kwessies wat groeiende frustrasie in die kerk veroorsaak, omdat daar nie duidelike reëlins daaroor is nie.

Ervaring leer dat ‘n kerk in so ‘n situasie vir ‘n tyd lank met kleiner kerkordelike wysinge kan verbykom, maar op ‘n stadium raak die reëlins net té onordelik en adhoc en dan is ‘n meer fundamentele herbesinning nodig. Ons is van oordeel dat ons nou by so ‘n tyd is.

2.2 Daar is ‘n bykomende faktor wat hierdie studie nog meer kritiek en noodsaaklik maak. Omdat die ampte, soos die ekklesiologie, nie deur Gereformeerdes beskou word as ‘n sentrale saak

van die geloof nie, is daar selde werklike grondige studie daarvoor gedoen. 'n Mens moet simpatie hê hiervoor (daar sit ook 'n stuk wysheid in die standpunt), maar daar is tye wat die versuim ons inhaal. As ons nie 'n duidelike teologiese ekklesiologie en ampsverstaan het nie, word ons gewoonlik geforseer om terug te val op kerkordes waar 'n groot deel van die redenering histories en nie altyd Bybels-teologies is nie. Goeie, behoorlike studie oor die saak is van tyd tot tyd absoluut nodig.

- 2.3 Ons het 'n goeie Bybelse studie oor die ampte nodig wat veel wyer loop as om net na tekste te kyk waarin direk verwys word na die een of ander amp. Daar sal gekyk moet word na die gang van die *missio Dei*, die Koninkryk en die totale bediening van kerk. Die amp staan nie op sy eie nie, maar dien die kerk, die koninkryk en die *Missio Dei*. Bartlett skryf: "God gives us the Gospel; and then the church and then the church's ministers". Daarom dat die Bybelse ampsteologie redelik soepel is en moet wees.
- 2.4 In sy uitstekende studie oor die gereformeerde ampsteologie kom Eddy Van der Borgh tot 'n interessante en ietwat ontstellende konklusie waarvan ons kennis moet neem. Hy is oortuig dat die gereformeerde ampsteologie in praktyk tot 'n groot mate gebou op 'n negatiewe beginsel nl. "angst vir magmisbruik". Hoewel 'n mens uit die situasie destyds dit kan verstaan, leef ons nou in 'n ander tyd waar daar dalk ander en groter gevare van ampsmisbruik is. Dit is nie reg en goed, dat die saak so 'n fundamentele rol in ons kerkregering speel nie. Dit is interessant dat Van der Borgh al in 2003 voorgestel het dat 'n gereformeerde ampsteologie op die *missio Dei* as uitgangspunt gebou word. Ons moet nie net dink oor wat die gemeente nodig het nie, maar van meet af oor wat nodig en goed is vir die koninkryk en die omringende omgewing en wêreld. Die gemeente dien juis die koninkryk.
Ons is oortuig dat die roeping van die kerk 'n veel beter sentrale beginsel is om ons ekklesiologie en ampsteologie op te bou. Ons kan gerus oorweeg om soos ander gereformeerde kerke (oa die PCUSA) 'n sterk inleidende, prinsipiële stuk in die KO te skryf oor die (missionale) roeping van die kerk. In die PCUSA bv. speel hierdie dokument 'n leidende en deurslaggewende rol by alle vergaderings van die kerk. Die eerste opdrag aan vergaderings is om saam te besin oor die huidige uitdagings vir die kerk in die lig van hoe hulle dink oor die missionale roeping en taak van die kerk.
- 2.5 Daar is 'n ander ongemaklike werklikheid waarmee ons rekening sal moet hou. Ons sukkel om 'n goeie gesprek oor die ampte te voer en groot dapper veranderings te maak omdat ons vermoed (tereg waarskynlik) dat van hierdie skuiwe onbedoelde konsekwensies gaan hê waarvoor ons bang is en liefers nie wil praat nie. Dingemans skryf hieroor: "Op dit punt houden alle gereformeerde kerkordes een 'oude' teologiese beslissing in stand als een soort compromise met het verleden. In feite zit daar een hele kluwen van problemen omheen, die geen Nederlandse kerk wil of kan oplossen. En het KO resultaat is dat het oude vertroude kader de toon blijft aanaangeven in de KO en er voor echte vernieuwing nauweliks ruimte is". Ons hoop dat ons in die bespreking van hierdie verslag met groter eerlikheid kan praat oor meer as net die instandhouding van 'n "ouer orde", maar saam kan dink oor die uitdagings van die kerk en koninkryk in ons tyd.
- 2.6 Uit die aard van die saak sal die uitkomst van die gesprek oor die amp vra vir kerkordelike vernieuwing. Ons is bewus en dankbaar vir die proses van die AMS en ATR om 'n missionale kerkorde te ontwikkel. Ons moet 'n kerkorde skryf wat helder en duidelik is oor evangeliese beginsels vir die kerk en die bediening, maar wat oop is en juis ruimte wil skep vir verbeeldingryke, dapper en (selfs gewaagde) gehoorsaamheid aan Christus en die Gees. Bartlett skryf oor die skryflyn hieroor: "It is partly my realization that every church structure we discover in and behind the NT documents stands far to the left of establishment American churches today – Catholic and Protestant alike". Laat daar geen onduidelikheid hieroor wees nie. Ons het 'n kerkorde nodig, maar die kerkorde moet 'n baie duidelike onderskeid maak tussen onverhandelbare Evangeliese- en Bybelse beginsels en dan tyd- en situasiegebonden adviese, wat aanpasbaar is.
- 2.7 Daar is 'n groeiende bewustheid in die NG kerk dat ons in die apartheidsera tot 'n sekere mate geïsoleer was van belangrike teologiese gesprekke wat in die ekumeniese wêreld plaasgevind het. 'n Voorbeeld hiervan is die belangrike Baptism, Eucharist en Ministry verslag (BEM) wat uitgebring is deur die Faith and Order Kommissie van Wêreldraad van Kerke en waaraan meer

as driehonderd kerke deelgeneem het. Daar is tans ook nuwe ekumeniese gesprekke oor die kerk en ampte aan die gang waarvan ons deeglik behoort kennis te neem. Ons behoort in die toekoms meer moeite te doen om, soos ander gereformeerde kerke, meer aktief aan sulke gesprekke deel te neem.

3. BYBELSE RIGLYNE, HISTORIESE ONTWIKKELINGE EN KOMMENTAAR

- 3.1 Reg van die eerste bladsy handel die verhaal van die Bybel oor die deelname van mense aan die lewe en werk van die Drie-enige God. In al drie die groot fases van die Triniteit se werk speel mense 'n belangrike rol. Die Bybelse verhaal is die verhaal van 'n God wat behaer het in mense, wat diep bewoë is oor hulle lotgevalle en wat betrokke raak by hul nood – *en* van sy intensie om mense te roep en te gebruik om saam met Hom ander in nood te bedien.
- 3.2 Die Bybel ken dus sonder twyfel die verskynsel van menslike “leierskap en diens”. Dit is bykans 'n vaste patroon in die Skrif dat wanneer die Here iets wil doen, dit begin met die roeping en gereedmaking van 'n mens. Daar is talle voorbeelde hiervan in die OT en NT en die beginsel word feitlik universeel in die kerk aanvaar.
- 3.3 Dit is ook baie duidelik in die Skrif dat hierdie verskynsel van leierskap nie altyd dieselfde patroon volg nie. Daar is 'n groot variasie van benamings wat gebruik word en die presiese funksies verskil ook – oënskynlik afhangend van die konteks en behoefte. *Daar is nie 'n tydlose bloudruk vir die inrigting van die ampte in die Bybel nie.* Reeds in die OT is daar 'n verskeidenheid van leiersampte (aartsvaders, rigters, profete, priesters, konings, wysheidsleraars); in die NT is die lys nog langer. Na die apostels van die Evangelies, lees ons in 1 Kor 12:28 van apostels, profete en leraars, in Efes 4:11-12 van die sg. vyf ampte en dan in die Pastorale briewe van die episkopoi, die presbyters en diakonoi. 'n Mens word gelaat met die indruk dat die speisfieke benaming van die amp en selfs die presiese opdragte, kan wissel van situasie tot situasie en na gelang van die spesifieke behoeftes. Die ampte staan nie sentraal nie maar dien die Evangelie en die Koninkryk en in elke situasie moet gevra word hoe die ampte nou die kerk en die koninkryk ten beste kan dien.
- 3.4 'n Wesenlike kenmerk van die leierskap (amp) in die Bybel is dat dit sterk gerig is op diens – diens aan God en sy koninkryk en ook diens aan mense. Hierdie diens het o.a. te doen met die begeleiding van mense (agogie) sodat hulle in 'n Christelike sin kan floreer in hul diensbaarheid. Dit is interessant dat die gebruiklike term vir leierskap in die sekulêre wêreld van daardie tyd (arge) konsekwent vermy word. Dit was waarskynlik om te keer dat leierskap in die Christelike gemeenskap te gemaklik gelykgestel word aan die gangbare, sekulêre manier van leiding neem in daardie tyd.
Dit was deur die eeue vir die kerk nie maklik om die regte verhouding tussen leierskap en diensbaarheid te vind nie. Ons kan fouteer deur leierskap nie sterk genoeg te bind aan diensbaarheid nie, maar ons kan ook fouteer deur uit vrees die amp sy leierskapsfunksie te ontnem. Wat ons soek is leiers wat verstaan dat die kern van hul leierskapswerk spesifiek in *diens* bestaan – soos wat ons dit by Jesus sien (vgl o.a. Fil 2). Dit kan ook help om duidelik te verklaar dat dit in christelike leierskap nooit gaan oor mag nie maar oor gesag – en dan spesifiek oorredende gesag.
- 3.5 Ons sou kon sê dat die (spesiale) amp gewoonlik gebalanseer word deur die roeping van en gawes (charismata) wat aan alle gelowiges gegee word. Die verskynsel is selfs sterker in die NT as in die OT. Ef 4:11 gaan sover om te sê dat die hoof funksie van die spesiale amp is om die gelowiges toe te rus vir hulle dienswerk. Hierdie is 'n afgeskepte aspek van die NT getuieis oor dienswerk in die gemeente.
Ons weet dat dit een van die probleme was wat die Radikale Reformasie met Luther en Calvyn gehad het, nl. dat hulle die priesterskap van alle gelowiges verkondig het, maar nie behoorlik geïmplementeer het in die kerk nie. Daar is 'n sterk gevoel by kenners dat die meeste gevestigde kerk nou nog nie hierdie deel van dienswerk ernstig neem nie (bv BEM!). As ons getrou wil bly aan die Skrif sal ons maniere moet soek hoe hierdie twee beginsels van leierskap en begaafde gelowiges, optimaal gebalanseer en gesinkroniseer word.
- 3.6 Die persoon en werk van die leier of ampsdraer word direk en indirek baie sterk gebind aan die persoon en werk van Jesus. Hy en sy styl moet die spiritualiteit, etos en werkswyse van die

ampsdraer stempel. Jesus is die inhoud, die norm (voorbeeld) en die dryfveer van ons bediening. Dit beteken egter nie dat ons ons bediening plaasvervangend in sy plek doen nie! Ons bediening wys heen na Hom en word as't ware deel van sy bediening. Dit moet mense help om Hom te sien en te hoor en iets van sy teenwoordigheid te ervaar. Daar is kenners wat meen dat die sentrale taak van die amp is om die gemeente te bly herinner en heenwys na die geheim van die kerk, nl. die teenwoordigheid van die Lewende Christus deur die Heilige Gees. In die vroeë kerk was die sentrale kriterium by die verkiesing van 'n biskop die vraag of die persoon daarin sou kon slaag om die kerk by Christus te hou in die ware geloof van die kerk (Van de Beek). Hierdie punt is van kardinale belang vir ons ampbeoefening. As ons die perspektief verloor word profetiese werk motiveringspraatjies, priesterlike werk word blote terapie, en pastorale leierskap word organisasiebestuur.

- 3.7 Dit is baie opvallend dat Bybelse leierskap baie dikwels in spanverband gebeur. Ons sien dit reeds hier en daar in die OT (bv Moses en Aaron) maar in die NT raak dit bykans 'n patroon. Ons sien dit in die werk van die dissipels, in die feit dat Jesus die getuies twee-twee uitstuur, in die sendingspanne wat ons in Handeling aantref en in die meervoudige ampte wat saam in gemeentes funksioneer. As dit so is dat die Drie-enige God in gemeenskap leef en werk, dan behoort dit nie vir ons vreemd te wees dat dit ook die wenslike weg vir ons menslike lewe en leierskapswerk is nie.
- 3.8 Uit die Evangelies is dit duidelik dat 'n roeping tot die amp altyd voorafgegaan word (gewoonlik ook in terme van tyd, maar altyd in terme van logika) deur 'n roeping tot dissipelskap. Jy kan nie 'n leier wees as jy nie eers – en deurgaans ook – 'n dissipel is nie. Niemand word in 'n leiersamp gebore nie; die weg daarheen loop vir almal deur dissipelskap en roeping.
- 3.9 Dit is opvallend dat terwyl 'n mens tevergeefs soek na 'n duidelike eenvorming ampsverdeling en ampsbenamings in die Bybel daar ander (onverwagte?) vereistes is wat hulle aan jou opdring en waaroor daar geen onduidelikheid kan wees nie. Ons sien dit o.a. in die sterk klem op die geestelike en morele kwaliteite wat van alle ampte gevra word. Ons is nie seker dat hierdie balans tussen geestelike, en persoonsvorming en teologiese en vaardigheid opleiding, altyd in die opleiding van ons leraars bv. genoegsaam verdiskonteer word nie.
- 3.10 As ons sou vra na die breë funksies van die amp sou ons drie lyne kon onderskei:
- Daar was 'n funksie wat saamgehang het met die eksplisiete vertel en verkondiging van die evangelie van Christus en die verdere lering en toerusting van die gemeente op hierdie lyn. Ons sou dit 'n profetiese of lerende funksie kon noem.
 - Dan was daar 'n funksie wat gerig was op die raaksien, versorging, bemoediging, heling en groei van mense. Die getuienis is dat hierdie 'n wesenlike saak in die vroeë kerk was en dat dit 'n groot rol gespeel het in die groei van die kerk. Ons sou dit 'n pastorale of priesterlike funksie kon noem.
 - Dan was daar ook 'n funksie wat saamgehang het met die optimale inrigting, organiserings, mobilisering, beskerming en leiding van die gemeente. Hier het natuurlike en toevallige faktore 'n rol gespeel, maar leiers moes ook die werkswyse, die logika en die vloei van die Gees verstaan en fyn luister na die leiding van die Heilige Gees. Ons sou hierdie 'n dienende leierskapsrol kon noem.
- 3.11 Dit wil lyk of iets van die ryk geskakeerde ampspatroon van die NT in die vroeë kerk ten minste vir 'n tyd voortgeduur het. Mettertyd het die "model" van die Pastorale Briewe – in 'n aangepaste vorm – 'n wyer geldigheid gekry het met die presbyter as die gemeenteleier, die episkopos as 'n oorsniener oor gemeentes in 'n bepaalde streek en die diaken as 'n aanvullende amp. Hierdie verdeling het, met aanpassings hier en daar, vir eeue voortgeduur – tot in die tyd van die Reformasie.
- 3.12 Die Reformasie is vir ons 'n boekvoorbeeld van hoe herbesinning oor die kerk en ampte in 'n krisissituasie behoort te gebeur. Calvyn het wysiginge aan die benamings en funksies van die ampte voorgestel na deeglike studie van die Skrif en vroeë kerk en in die lig van die uitdagings en behoeftes van sy situasie in Geneve. Hoewel hy diep na die Skrif wou luister en Skriftuurlik in sy aanbevelings bly, het praktiese werklikhede en oorweging verseker ook 'n rol gespeel.

Calvyn is vir ons 'n uitnemende voorbeeld van hoe 'n mens op 'n gesonder manier met die tradisie omgaan: Die tradisie het stemreg in die kerk, maar nie vetoreg nie.

3.13 Calvyn het die Katolieke patroon van biskop, presbyter en diaken vervang met die ampte wat ons vandag nog in die meeste gereformeerde kerk kry, nl. die van leraar (predikant), ouderling en diaken. Hy het 'n vierde amp – dié van hoogleraar – bygevoeg. Dit is belangrik dat ons kyk na die skuiwe wat in die tyd van die Reformasie en daarna gemaak is.

- Fundamenteel vir Calvyn was die oortuiging dat die ordereëlings en strukturering van ampwerk en diens in die Katolieke Kerk (beginnende by die pous) nie die Evangelie gedien het nie, maar dit eerder verberg het. Hy wou soek na 'n gestaltegewing van die kerk (dienste en ampte) wat nie Christus wou vervang nie, maar juis heenwys na Hom en ruimte maak vir die teenwoordigheid en werk van die lewende Christus.
- As gevolg van magmisbruik word besluit om die biskopamp te diskontinueer en die funksies oor te dra na kerkvergaderings. Dit was nie 'n beginselbesluit of 'n reëling wat oral gegeld het nie, want op sekere plekke in protestantse kerke is die biskopamp behou. Dit is bv. in die Lutherse Kerke op 'n latere stadium weer ingevoer.
- Die amp van die priester as leier van die plaaslike gemeente is in beginsel behou, maar die naam en funksie is totaal verander. Die persone is leraars genoem en die profetiese funksie (prediking en woordbediening) het 'n sentrale rol gekry. Dit is interessant dat daar by Vatikanum II 'n sterk beweging was om die priesteramp te herbenoem as presbyters en aan die Woordbediening 'n meer sentrale plek te gee. Hoewel die verslag goedgekeur is, is die implementering daarvan – a.g.v. weerstand – nie behoorlik deurgevoer nie.
- 'n Nuwe amp van ouderling is ingestel. Dit was 'n dapper poging om aan gewone lidmate 'n sterker inspraak in die werking van die gemeente te gee en dit is nie moeilik om Skrifgronde hiervoor te kry nie. Die ouderlinge is verkies uit ouer gerespekteerde lidmate van die gemeente en was waarskynlik 'n bewustelike poging van Calvyn om die invloed van die gemeente op die omringende burgerlike samelewing (in sy geval Geneve) te verhoog. Ons sou waarskynlik kon sê dat die Protestantse kerke se kombinasie van spesialisampe en “amp” uit die gemeente, goeie Bybelse grond het. Dit is interessant dat in die BEM-studie geen aandag aan die ouderlingsamp gegee word nie – omrede ordinasie nie betrokke is nie. Ouderlinge word bevestig en nie georden nie. Die diakenamp word behou, maar die taak van die diakens word heeltemal verander. Waar die diakens in vroeëre tye gewoonlik aan die biskop gekoppel was, koppel Calvyn dit aan die plaaslike gemeente en gee aan hulle die taak van sorg aan die armes en siekes. Die diakenamp is nou nie meer 'n voltydse amp nie en daar is ook nie ordening betrokke nie.
- Hy besluit om 'n vierde amp te skep, nl. die van hoogleraar of dosent.

3.14 Terwyl die Reformasie se nuwe ampsverdeling gereformeerde kerke vir jare baie goed gedien het, het dit mettertyd geblyk dat al die probleme nie opgelos is nie – en dat nuwes ontstaan het! Van die akuutste probleme is die volgende:

- Dat die vrees vir magmisbruik so 'n groot rol in die aanvanklike vernuwingsproses gespeel het, het onbedoeld aan suspisie 'n vaste plek in ons vergaderings en besluitnemingsprosesse gegee. Dit ondermyn soms die rol van leierskap – veral as dit kom by kerkverband. Dit is ironies, want die eerste beginsel van ons saamwees en dienswerk in die kerk behoort vertrou en nie agterdog te wees nie.
- Die sterk klem op beheer en ordelikheid in ons kerkregeringsstelsel het waarskynlik 'n inhiberende effek op die bediening van lidmate en die spontane gebruik van hul gawes. Ons indruk is dat gemeentes wat die saak probeer regstel en intensioneel ruimte maak vir die bediening van gewone lidmate, floreer.
- Die praktiese afskaffing van die biskopamp het sekere leemtes in die stelsel gelaat o.a. die versorging van die leraars en gesonde gestaltegewing aan die eenheid van die kerk. Dit is baie moeilik vir 'n vergadering om al die funksies van die biskop oor te neem, omdat meer van die funksies vra vir 'n menslike gesig en hart.
- Die afskaffing van die biskopamp het die ongesonde situasie geskep dat al die ampte tans gekoppel is aan die plaaslike gemeente – asof dit al belangrike gestalte van die kerk is.

- Die nuut-gedefinieerde diakenamp mag in Calvyn se situasie goed gewerk het, maar waar die staat en ander instansies in latere tye die versorging van mense in nood oorgeneem het, het die funksies van die diakenamp onduidelik geword. Die diakens is later gebruik vir dankofferinsameling en vir diens by die Nagmaal, maar daar is tans 'n onbehaaglike onduidelikheid oor die spesifieke fokus van die diakens se werk.
 - In 'n tyd waarin die kerk besef dat ons ons missionale roeping buite die gemeente veel meer ernstig moet neem, kom ons agter dat al drie die ampte se amptelike funksies baie sterk gefokus is op die gemeente self. Daar is stemme wat vra vir 'n amp(te) wat sterker op 'n bediening aan die gemeenskap fokus.
- 3.15 Dit is baie jammer dat die belangrike verslag van die Faith and Order Kommissie oor die ampte (BEM) nooit behoorlik by ons aan die orde gekom het nie. Daarin het bykans 300 kerke van oor die wereld konsensus probeer vind in hul verstaan van die ampte. Die verslag kies ook vir drie ampte maar dit verskil van ons drie ampte. Na aanleiding van die triade van die Pastorale Briewe kies hulle vir die biskop (episkopos), die presbyter (gemeenteleraar) en die diaken. 'n Verdere verskil is dat al drie die ampte geordende ampte is. As ons die verslag ernstig wil neem sal ons aan ten minste die volgende sake aandag moet gee:
- Ons sal moet besin oor wat ons verloor het met die afskaffing van die biskopamp en seker maak dat ons sinvolle en effektiewe maniere het om te kompenseer vir die vakuum wat gelaat is. Kenners sê dat die biskop ten minste sewe funksies vervul het
 - Ons sal moet besin oor die feit dat die meeste kerke 'n verskeidenheid van geordende ampte erken terwyl ons net een geordende amp het. Dit blyk al hoe meer dat dit 'n gebrek is.
 - Ons sal weer moet besin oor die verskil tussen ordinasie en bevestiging. In sommige tradisies dui dit op twee kategoriee wat 'n mens ampte en dienste sou noem. Van der Borght meen ook dat 'n mens sou kon sê dat binne die leierskapspan (kerkraad) die ampte primêr optree as 'n verteenwoordigers van Christus en die ouderlinge as verteenwoordigers van die gemeente.
- 3.16 Dit is baie interessant dat die meeste gereformeerde kerke vir baie jare bykans onveranderd met Calvyn se ampverdeling gewerk het. Terwyl ander protestantse kerke gemaklik aanpassings gemaak het (bv die herinstelling van 'n – weliswaar andersoortige – biskopamp), wil dit lyk asof gereformeerdes oormatig huiwerig is om dit te doen. Ons moet besef dat ons met so 'n houding juis ontrou aan die reformasie kan wees. Ons onveranderbare trou is aan die lewende Triniteit, aan die Evangelie van Christus en die Koninkryk van God. Hierdie verbintenis vra van ons dat ons voortdurend sal sekermaak dat ons verstaan van die bediening en die ampte die koms van die Koninkryk nou ten beste sal dien.

4. Konklusies en Moontlike Implikasies

- 4.1 Ons moet op geen manier die indruk probeer skep dat ons siening van die ampte 'n bloudruk uit die Bybel is nie. Ons gaan onself help as ons erken dat:
- Die Bybel beslis ruimte maak vir ampte, spesiale diens en leierskap in die kerk.
 - Dat die Bybel nie 'n bloudruk gee oor die verskillende ampte nie en dat daar meer voorbeelde en modelle van ampte in die Bybel is.
 - Dat die roepingsverstaan van die kerk en plaaslike uitdagings en behoeftes in ag geneem is met die keuse en benaming van die ampte – reeds al in die tyd van die Bybel.
 - Dat die Bybel wel duideliker riglyne gee oor die funksies en die funksionering van die ampte en oor die karakter en lewenswyse van die ampsdraers.
- 4.2 Een van die redes waarom die Bybel nie meer direkte aanwysings en voorskrifte oor die ampte gee nie, is omdat die ampte altyd dienstig moet wees aan die kerk, die koninkryk en die Evangelie. Die vraag na die hoe en wat van die ampte is nie 'n primêre vraag in die kerk nie, maar altyd 'n tweede vraag. Die eerste vraag is hoe ons die Evangelie, die koninkryk en die kerk die beste kan dien. Ons kan m.a.w. nie oor die ampte besin in isolasie van die gesprek oor missionale kerk-wees nie.
- 4.3 In die proses van nadenke moet ook aandag gegee word aan wat in die vroeë kerk en veral in die huidige ekumeniese gesprekke gebeur het. In die BEM-studie word ook gekies vir drie

ampte, maar dit verskil van ons s'n. Hulle kies vir episkopos, presbyter en diaken – met die verdere verskil dat by al drie die ampte ordinasië betrokke is. By ons word net predikante georden en ouderlinge en diakens “net” bevestig. As ons kan nader beweeg na die ekumeniese model sal dit om meer redes baie, baie goed wees. Dit sou wys wees om in die proses in gesprek te gaan met ander gereformeerde kerke wat ook hieroor besin.

4.4 Die groot variasie van ampte wat ons in die Bybel het en die vloeibaarheid wat betref benaming en funksies, beteken ook wel dat ons nie oorhaastig moet wegbeweeg van ons keuse van ampte en selfs die benamings nie. Die hoofklem behoort nie te val op benamings nie maar op wat die ampte doen. Vir sover ons ruimte het om die funksies aan te pas, kan ons waarskynlik vir eers ver kom met die huidige ampte.

Ons dink wel dat herdefiniëerings en uitbreidings op wesenlike punt gemaak moet word. Dit sou bv. moontlik wees om binne die predikantsamp verskillende modusse te onderskei. Dieselfde geld van die ouderlingsamp (dit gebeur al op 'n manier); die diakensamp is arm op die oomblik en moet verryk en verruim word. Ons is bewus van gemeentes wat reeds besig is met die proses.

Die aanbevelings van die Raamwerk vir Missionale Bedieningsontwikkeling om die leraarsamp uit te brei met Diensleraars en Standplaasleraars en die Ouderlingeamp met Bedienaars, is onses insiens 'n positiewe ontwikkeling in hierdie verband.

4.5 Die spesifieke aanvullings waarna ons behoort te kyk is die volgende:

- Ons huidige reëling dat al drie die ampte gekoppel word aan die gemeentelike gestalte van die kerk is nie sonder probleme nie. Daar is 'n ou tradisie in die kerk dat ten minste een van die ampte (soms was dit selfs twee) gekoppel was aan die breër gestaltes van die kerk. Daar sou ook Bybelse getuïenis aangevoer kom word vir so 'n oorsienersamp, bv die rol wat Paulus gespeel het t.o.v. die gemeentes vir wie hy skryf. Die situasie by ons hang waarskynlik saam met ons operatiewe ekklesiologie wat dikwels 'n uitsonderlike gewig gee aan die plaaslike gemeente – asof dit die enigste ware gestalte van die kerk is. Daarmee onderskat ons die uiterste belang van die kerkverband asook die ekumeniese kerk in ons tyd – tot nadeel van die kerk se gesamentlike publieke getuïenis en impak. Daar is 'n ernstige debat in 'n aantal gereformeerde kerke aan die gang oor die behoefte aan so 'n oorsieners-amp en sommige gereformeerde kerke (o.a. die PKN) het reeds so 'n amp geskep met die instelling van Klassispredikante.
- Ons huidige situasie maak dit nodig dat ons ruimte moet maak vir die instelling van 'n evangeliste- of kerkplantersamp. Daar is heelwat gereformeerde kerke wat dit reeds gedoen het (RCA, PCUSA, PCSA & PKN). Dit hoef nie 'n nuwe amp te wees nie maar kan 'n variasie (modus) van ons predikantsamp wees.
- Daar is meer redes waarom die instelling van 'n soort “diens- of hulpleraars”-amp met korter, gefokusde opleiding nou sin sou maak. Die persone sou diens kon lewer deur te spesialiseer in een of ander rigting van die kerk se dienswerk. Dit sou goed wees as die opleiding hiervoor so opgestel kon word dat hulle as't ware hulle opleiding onderbreek vir 'n paar jaar en dan kan terugkom en hulle volle studie voltooi.
- Konvensie by ons bind nie net al die ampte aan die plaaslike gemeente nie, maar hulle werk is meesal ook spesifiek gefokus op die bediening aan die gemeente en die instandhouding van die gemeente. Ons moet oorweeg om bepaalde ampte spesifiek missionaal te rig. Van Ruler het jare terug 'n voorstel gemaak, nl. dat ouderlinge in die gemeente werk maar dat diakens spesifiek getaak word met koninkrykswerk, ook buite die gemeente. Weereens: Hoe ons dit presies doen en wat die benamings is wat ons kies is nie die belangrikste deel nie. Die essensie is dat die duidelike fokus van die gemeente op missionaliteit gereflekteer word in die ampte – en ook in die manier waarop vergaderings ingerig word.
- Ons meen dat een van die belangrikste behoeftes nou is aan wat soms genoem word ouderling-bedienaars. Dit is toegewyde en begaafde lidmate wat bereid is om opleiding te ontvang ten einde sekere dienste in en buite die gemeentes te vervul. Baie van die ander hoofstroom Protestantse kerke (bv Metodiste en die Anglikane hier by ons) het hierdie diensruimte en dit help hulle ongelooflik baie. Dit is ook 'n manier om erkenning te gee aan die gawes wat die Here aan lidmate gegee het. Daar moet ook 'n vorm van ordinasië of bevestiging vir hierdie persone wees. Die voorgestelde ontwikkelings t.o.v. bedienaars is reeds eerste treë in hierdie rigting.
- Die wesenlike punt hier is dat die leierskap van die breë kerk en van die plaaslike gemeente 'n uiters belangrike taak het om te kyk dat ons die regte mense het om die werk te doen wat ons dink ons geroep is om te doen. In die NT was dit die kernpunt.

- Die kerkorde mag nie gebruik word om dit te bemoeilik of selfs te verhoed nie; die kerkorde moet juis die ruimte skep hiervoor en dit moontlik maak met wyse advies.
- 4.6 Daar moet gesoek word na 'n ekklesiologiese raamwerk wat meer fundamenteel ruimte skep vir die roeping en gawes van lidmate. Die bediening waardeur lidmate begelei en gevorm word, gehelp word om hul gawes te identifiseer en hul roepings te ontdek, moet 'n sentrale rol van die leraar se werksverantwoordelikheid word. Ons het die indruk dat van die nuwe jonger kerke (waarheen baie van ons jonger lidmate trek), presies dit (baie goed) doen.
- 4.7 Ons sal onself ook moet afvra of ons as verband genoeg doen om predikante te help met hulle groei en ontwikkelings as mense en gelowiges. Die Bybel is baie duidelik oor die morele en geestelike kwaliteit van lewe van die leraars. Hierdie werk moet nie op 'n wettiese manier gedoen word nie, maar op 'n pastorale ondersteunende wyse. Dit beteken dat die werk nie deur 'n vergadering gedoen word nie, maar deur 'n persoon. Ons sal goed moet dink oor die keuse wat ons gemaak het om die take van die biskop oor te gee aan 'n vergadering (sinode). Dit werk goed met sekere dele van die werk, maar minder goed met ander dele van die tradisionele werk wat deur die oorsieners gedoen is (bv. die versorging van leraars, die eenheid van die kerk, en die publieke getuienis van die kerk, ens.).
- 4.8 Daar is 'n hele paar ander sake rondom die amp waarvoor deeglik besin sal moet word omdat die Bybel nie sulke duidelike opdragte/lyne daarvoor gee nie. Dit geld o.a. sake soos:
- ordinasie of/en bevestiging
 - teologiese opleiding
 - kerkverband
 - nuwe gesprekke oor die kontinuering van die apostelamp
 - kom die amp op uit die gemeente, óf kom die amp na die gemeente as 'n verteenwoordiger van Christus?
- 4.9 Die gesprek oor die ampte forseer ons om weer te kyk na die formaat van die kerkorde. As ons die KO méér oop en minder reël-voorskriftelik wil maak, sal ons duideliker oor die Bybels-teologiese beginsels moet wees. Dit sou goed wees om by elke deel van die kerkorde te begin met 'n kort Bybels-teologiese deel waarin die bedoeling en Bybelse uitgangspunte van die betrokke saak verduidelik word nie. As ons die "reëls" minder maak sal ons duideliker oor die beginsels en uitgangspunte moet praat. Ons meen ook dat daar 'n afdeling moet bykom waarin ons eers oor die Evangelie en oor die kerk as sulks praat voordat ons wegtrek met die vergaderings, ampte, werk, ens.

5. Aanbevelings:

- 5.1 **Dat die Algemene Sinode met dank kennis neem van die verslag en dit aan sinodes, ringe en gemeentes deurstuur vir studie en oorweging met terugvoer aan die AK.**
- 5.2 **In die verslag van die AK is daar aanbevelings geformuleer wat die suggesties t.o.v. die verbreding van die bestaande ampte (sien pt 4.4 bo) opvolg. Dit word nie hier herhaal nie.**
- 5.3 **Dat daar voortgaande ondersoek aangaande die ampsbeskouing en ampstruktuur gedoen word deur die AK met verslag aan die ASM en AS. Die voortgaande ondersoek moet die volgende aspekte insluit:**
- **Na belangrike funksies wat die kerk moontlik verloor het met die oordrag van biskoplike verpligings aan kerkvergaderings. Daar moet spesiaal aandag gegee word aan die leierskaps- pastorale, eenheids- en publieke getuienis funksies. Hierdie opdrag sou in samewerking met die ATP kon geskied.**
 - **Die teologiese en ekklesiologiese vraag of die amp opkom uit die gemeente of na die gemeente kom as 'n verteenwoordiger van Christus.**
 - **Besinning en aanbevelings oor die rol van diakens in die kerk in die lig van die missionale ekklesiologie van die kerk.**
 - **Besinning en aanbevelings tov ordinasie of/en bevestiging. In die proses moet ook gekyk word na die rol van legitimasie.**
 - **Besinning en aanbevelings t.o.v. teologiese opleiding se koppeling aan gemeentes.**
 - **Besinning en aanbevelings t.o.v. nuwe moontlikhede vir kerkverband (hoe ons gestalte gee aan die eenheid van die kerk – binne denominasies en t.o.v. die ekumene) en die rol wat die ampte hierin speel.**

- Na die moontlike instelling van 'n evangeliste of kerkplantersamp, of 'n soort kontinuering van die apostelamp.
- Na die moontlike instelling van 'n amp vir hoogleraars.

5.4 Verwante aanbevelings tov die KO:

- Dat die AS 'n bondige dokument opstel waarin die verstaan van die lewe, diens en missie van die kerk uitgespel word. Die dokument moet 'n prominente plek voor in die kerkorde kry en die eerste taak van alle kerkvergaderings moet wees om oor die roeping en uitdagings vir die kerk in hulle streek en tyd te besin in die lig van hierdie dokument. Die dokument kan en behoort van tyd tot tyd hersien te word.
- Dat daar in die kerkorde 'n duidelike onderskeid gemaak word tussen 'n meer vaste Bybels-evangeliese raamwerk vir kerkwees en (belangrike) aanvullende praktiese ordereelings in die vorm van adviese.